# WAWIEL WAPADRAND

Jaargang 36 Vol 5

# INHOUD


- INHOUD ........................................................................ BL 2
- STILTETYD........................................................................ BL 3
- SPORE VAN HOOP ........................................................... BL 4
- BESTUURSLEDE ............................................................... BL 5
- REDAKSIONEEL ............................................................... BL 6
- UIT DIE VOORSITTER SE PEN ............................................ BL 7 - 8
- SENIOR BURGERS ........................................................... BL 9
- JEUG ................................................................................ BL 10
- KWARTAALKAMPE .......................................................... BL 11 – 14
- LIEF & LEED ..................................................................... BL 15
- VERJAARSDAE & HUWELIKHERDENKINGS .................. BL 16 -17
- RESEPTE ......................................................................... BL 18
- KAMPKENADES ............................................................. BL 19 - 20
- JAARPROGRAM............................................................... BL 21
- VAKANSIEDAE ................................................................ BL 22

# STILTE TYD

## DIS DIE OPKYK WAT TEL!

*Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie (Spreuke 3:5).*

Ons leef in ‘n tyd waarin mense deur progamme en opleidingskursusse gemotiveer word om die *regte visie* te hê. Ons moet die visie van die maatskappy deel, die visie van die gemeente, die visie vir die huwelik en ouerskap en nog baie meer. Dit is nou weer aan die orde van die dag. Maar dis soms erg moeilik om al dié sake bymekaar te bring.

Dit is nie die **uitkyk** nie, maar die ***opkyk*** wat tel, het iemand gesê. Ons kan ‘n goeie lewensuitkyk hê, baie visies nastreef, maar dis eers wanneer ons God daarin raaksien dat hierdie dinge in die regte perspektief gestel word. Ons eie insigte, ons eie paaie, ons eie wysheid is gebrekkig. Ons sal alleen die regte pad volg wanneer ons in kontak met die hemelse beheertoring bly.

‘n Mens kan vandag slegs sinvol leef as jy die Here se woorde en sy pad vir jou ernstiger begin neem. Dit gee nie alleen ‘n gesonde visie nie, maar bring ook vrede oor die lewe vorentoe.

***Gebed: Leer my, Here, om my oë op U gevestig te hou, sodat ek u visie kan hê vir die pad vorentoe.***

# SPORE VAN HOOP

Teks: 1 Samuel 16:1-13

Kyk deur God se oë. Koning Saul wat eens 'n nederige leier was, het ontaard in 'n ongehoorsame man wat meer bekommerd was oor dit wat mense van hom dink eerder as God. Dit het nie net vir Samuel nie, maar ook vir God beproef.

God roep vir Samuel om 'n nuwe koning aan te wys. Samuel is deeglik bewus van die risiko's wat hierdie opdrag inhou. Nie net vir hom nie, maar ook vir die nuwe koning. Saul sou nie skroom om hulle dood te maak nie. Tog het God 'n plan. Hy stuur nie iemand sonder Sy leiding of om hulle toe te rus nie. God stuur vir Samuel na Isai en sy gesin toe vir 'n offermaaltyd. Isai kom uit die nageslag van Rut, 'n Moabitiese meisie. Tydens hierdie maaltyd sal die Here Sy nuwe koning uitwys. Nie een van die seuns wie Samuel as koning wou salf, was vir die Here 'n geskikte koning nie. Later het Isai sy jongste seun Dawid, laat haal waar hy in die veld vee opgepas het.

Die jongman wat vuil uit die veld terug gekeer het, hy wat nie goed genoeg was om by die offermaaltyd ingesluit te wees nie, is God se keuse as koning. God kyk anders na mense as wat ons kyk. Hy kyk nie na ons uiterlike nie, maar sien ons harte. Mag ons leer om deur God se oë na mekaar te kyk. Verby mekaar se agtergrond, voorkoms of geleerdheid, maar na mekaar se hart. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy nie eers navraag gedoen oor waar ons vandaan kom of hoe ons lyk nie. Hy het dit gedoen sonder voorbehoud, omdat Hy ons lief het net soos ons is.

*(Ds Marissa Kidson: #skepmoed#diakens#leefbetekenisvol)*

*(Bydrae gelewer deur Janetta Toerien)*



Addisionele Lid:
Hoepfner Wiese

hwiese24@gmail.com
082 381 4247

Sekretaresse: Janetta Toerien

076 253 5577



Wapadrandsek@sawa.org.za
janettatoerien@gmail.com



Voorsitter: Andy Toerien
toeriena@outlook.com : 082 256 5044



Redaktrise
Geraldine Müller


Muller.sj@outlook.com
083 490 3588

Penningmeester:
Danie du Plessis



danieduplessis@live.co.za 082 551 0114

# REDAKSIONEEL



Tyd staan vir niemand stil nie! As dit Maart is dan dink ek altyd aan my moedertjie se woorde – “my kind as dit Maart is – dan is die jaar in ‘n oogwink verby”. Nodeloos om te sê dat ek dit ook nou-al begin glo.

Die moontlike verhoging in die petrol-/dieselpryse lê seker swaar op almal se gemoed en met ons reeds vasgestelde kampe sal ons maar mooi moet besin en lig met die voet op die petrolpedaal moet bestuur. Ons hoop en vertrou dat die probleme tussen Israel/Amerika en Iran vinnig opgeklaar word.

Kamp gaan ons kamp al moet ons nou ‘n “patty” braai in plaas van ‘n lamstjoppie.

Laastens wil ek weereens vir ieder en elk baie dankie sê vir hul bydraes tot die Wawiel.

Ons moet elke dag voluit leef en die beste daarvan maak.

Tot volgende keer.

Geraldine

**UIT DIE VOORSITTER SE PEN**



Liewe Wapadranders

Hier betree herfs ons sommer met 'n wintersinslag ook.

Die winde van verandering is met ons, nie net wat die weer betref nie, maar ook SAWA.

Daar word meer gekyk na streke wat saam kamp by dieselfde oord hoewel dit onder elkeen se eie identiteit sal wees. Die streke sal nie hulle naam of eienskappe verloor nie. Dit is maar die gevolg van die dalende getal lede wat kampeer. Twee streke saam sal reeds die getal verstewig om vir 'n afslag te kan beding.

Dit het ook alweer tyd geword om te dink aan voorstelle vir die Wapadrandbestuur vir 2026/2027. Begin gerus dink aan wie julle wil hê om julle te verteenwoordig en gesels solank met hulle om te hoor of hulle beskikbaar is. Dit is nie altyd goed om net die huidige bestuur te behou nie. Nuwe en vars insigte is nodig.

# Voorsitter vervolg

Nog een van die sake waarna ons moet kyk is voorstelle vir kampplekke vir 2027. Stuur asseblief jul voorstelle in na enige bestuurslid of sommer op die WhatsApp-groep. Laat ons weet waar julle wil kamp, moet dit asseblief nie oorlaat aan "iemand" nie. Ons sal dan ook met ander streke koördineer vir moonlike saam kamp.

Ons dink ook daaraan om "mid-week"-kampering te akkommodeer. Die "mid-week" sal dan ook tel as 'n streekskamp ongeag of die lid die naweek saam kamp of nie. Dit sal wel aan die gewone naweek gekoppel wees maar "mid-weekers" kan die Donderdag huiswaarts keer en steeds kwalifiseer vir 'n streekskamp. Moontlik oorvleuel dit hier en daar en kan ons weer kuier met lede wat meer in die middel van die week kamp. Die "mid-week" op sy eie of in kombinasie met die naweek sal as een kamp tel om administrasie te vereenvoudig, Seniorkampe moet ook reeds 'n jaar vooruit geadverteer moet word in die jaarprogram wat dalk 'n probleem kan wees. Fyner besonderhede en goedkeuring sal later volg.

Kamp in die winter kan 'n snoesige affêre wees, al daardie wolkombersies! en moet nooit die ou klein waaierverwarmingmakertjie onderskat nie.

Groete

Andy


# SENIOR BURGERS


**‘n Senior Burger is iemand wat nog groei, wat nog leer, met potensiaal, en wie se lewe belofte inhou vir skakeling met die toekoms.**

**Senior burgers is ons storieskatkis. Hulle is ‘n land se geheue en gewete. Hul stille krag, rype lewenservaring, onverbloemde broosheid en deernis is ‘n geskenk aan ons samelewing wat dit selde waardig is. (Woorde geleen: Wendy Maartens).**

Met ons senior burgers gaan dit goed en hulle kamp gereeld saam.











## JEUG

- Die Müller seuntjies het 'n "vroeë Kersfees" gehad. Hier speel hulle lekker saam met die speelgoed wat SJ Müller (nie familie nie) aan hulle gegee het. Hul was omtrent in hul noppies met dié geskenke.
- Pappa Vernon moes ook 'n slapie inkry saam met Liam. Oupa Martin & Ouma Tersia Rix saam met kleinkinders.
- Dit gaan goed met die jeug en hulle speel lekker saam tydens die kampe.



# PAASFEES PRESIDENTE THE VIEW ON THE VAAL

- Hierdie was weer een van die kampe wat onthou sal word. 83 Woonwaens. Weereens was daar nuwe vriende gemaak.
- Senior Burgers kon al vanaf die Dinsdag byeenkom en Donderdag het die nie-senior burgers by ons aangesluit.
- Niel Goslett het die opening behartig. Die normale boekevat en eredienste is gehou. Elma Bronkhorst het gesorg vir die uitstalling wat die Opstanding uitgebeeld het.
- Vrydag het almal hul maar besig gehou met ditjies en datjies.
- Saterdag was die karnaval. Heerlike eetgoed was beskikbaar en soos altyd was die pannekoek 'n wenner.
- Die brei- en hekeltafel asook die witolifanttafel is deur Wapadrand aangebied en beide het goed gedoen. Wapadranders bêre asb jul items wat nie meer gebruik word nie en bring saam na die volgende Paasfees Presidente of gee aan een van die bestuurslede.
- Die bloedskenk mense was ook daar en 'n rekordgetal kampeerders het bloed geskenk. 40 pinte bloed was geskenk.






Stefan & Riëtte Müller saam met Janetta Toerien



Luan & Anandi



Reinardt, Micke & Martin



Geraldine, Lynette en Riëtte




Die Bloedbank was ook by die fees en heelwat mense het bloed geskenk



Seppie Müller & Andy Toerien



Janetta Toerien




Geraldine & Lynette was verantwoordelik vir die brei-en hekelwerk- asook vir die witolifanttafel. Johan Swanepoel en Wilna Swartz kyk toe.





Hier word hard pannekoek gebak

1. Heerlike vleis is gebraai.
2. Geraldine se sout gebakte brood. Geïnspireer deur Lynette & Reinardt wat met elke kamp vir my ‘n soutbrood saambring.
3. Nog vleisie op die kole.
4. Heerlike slaai is onder andere voorgesit deur Caron Swanepoel en die bakkie agter die slaai het ingelegde koejawels bevat.  Janetta het die koejawels ingelê.



# LIEF & LEED

- LIEF:

Ons is bly dat dit oor die algemeen goed gaan met ons Wapadranders.

Daleen Pienaar en Vernon Müller is beter na hul operasies.

Danie & Eleanor du Plessis asook Dawie en Bettie Mullins het elkeen ‘n kleinkind ryker geword.

- LEED:

Lynette van Rensburg se ma Eunice kry weer Chemo-behandeling.

Janetta Toerien se ma het geval en haar heup gebreek. Die operasie het goed afgeloop.

Daleen Pienaar se seun Tiaan het ‘n hartaaval gehad. Dit gaan nou beter met hom.

Chris & Ansie Delport (oud-Wapadranders) se seun het ook ‘n hartaanval gehad en dit gaan ook beter met hom.

Andy Toerien se gordelroos is nog nie opgeklaar nie.

Elsa Wiese gaan vir ‘n lensvervanging en katarakverwydering.

Seppie Müller gaan weer vir sy inspuiting in sy oog.

Geraldine Müller se swaer het ‘n beroerte gehad. Dit gaan nie goed met hom.

# VERJAARDAE

MEI 2026:

. 3 Janetta Toerien

. 16 Hannah de Villiers

JUNIE 2026

- 7 Johan Swanepoel
- 13 René Müller
- 20 Wynand Theron
- 27 Seppie Müller

- JULIE 2026
- 1 Christo & Ruan Bezuidenhout
- 21 Geraldine Müller

# HUWELIKSHERDENKINGS

MEI 2026

* 22 René & Vernon Müller

JUNIE 2026

- 27 Janetta & Andy Toerien

RESEPTE



**Ratatouille** (Rattatoejie)

- Hierdie is 'n groetegereg.  Enige sagte groente kan gebruik word. Die hoofbestandeel is eiervrug.
- Die groente word in blokke of skywe (ek verkies skywe) gesny en afsonderlik in olyfolie gebraai.
- Week gesnyde eiervrug in soutwater en druk dan droog in 'n vadoek. Dit help dat die eiervrug nie bitter is nie. Braai eiervrug tot amper gaar en ligbruin. Voeg nog olyfolie by soos nodig. Geur met sout en peper en sit eenkant.
- Braai uieskywe (wit en pers) tot deurskynend. Voeg grof gesnyde vars knoffel by en braai liggies.
- Braai liggies in olyfolie: murgpampoentjies, klein skorsies, corgettes, pattypans, sampioene (alles in skywe gesny), geur en sit eenkant.
- Braai liggies in olyfolie: grofgesnyde groen, rooi en geel soetrissie en paprika (snack peppers).
- Voeg alles bymekaar in die braaipan. Voeg by: klein tamatietjies, omtrent 'n eetlepel tamatiepuree, ½ koppie witwyn en suurlemoensap na smaak. Braai tot die vog opgeneem is.
- Geur na smaak. Lekker eet!

# Kampkenades

**<u>Toer, toer, toer.....(1)</u>**

Ons eerste toer was na Zimbabwe in 1992. Wim en Margriet van den Berg was die toerleiers en Kiwi en Ann Henning die gidse. Kiwi-hulle het verskeie eiendomme en besighede in Zimbabwe besit.

Dis was SAWA se eerste toer na die buiteland. Die mense was bitter arm en voorrade was skáárs. Ons moes álles saamvat. Die rakke in die winkels was leeg, brood byna onverkrygbaar. As ons by 'n dorp ingery het, was die vensters oop sodat ons kon ruik waar die brood gebak was. Dan het ons in rye gaan staan en elkeen kon net een brood koop. Ons geld was baie werd in Zimbabwe ás jy iets kon kry om te koop.

Daar was egter baie stalletjies langs die paaie, gestruktureer of enkelinge. Oral het kindertjies mens gevolg om 'n ietsie te smous. Daar was houtsneewerk en gehekelde tafeldoeke en -dekens, batikwerk ens, ens.

In Buluwayo het ons te lekker gelag. In een winkel het hulle gespog met "CCTV".....'n man wat in die middel van die winkel op 'n hoë leer gesit het.

Ann het ons na veskeie winkels toe gevat o.a. een wat net varkvleis verkoop het. Alles in die winkel was pienk. Dit was die heerlikste vleis, allerhande snitte. Ons het ook die Whitehead's materiaalfabriek besoek Die BATA-fabriek was ook in Zimbabwe. Ons het almal soveel skoene gekoop dat Pieter Venter, 'n predikant, gespot het oor almal se *aanbidding*....Bata, Bata!

Daar was ook klein besigheidjies, gemeenskapsprojekte wat werk verskaf het aan die plaaslike inwoners. By een het hulle truie gebrei en dan daarop borduur. Ek het steeds myne alhoewel ek nie meer daarin pas nie.

# Kampkenades

Dit is ‘n pragtige land en was opmerklik skoon. Die Chinoi-grot was iets besonders. Daar is ‘n meer in die grot met die blouste water, so silwerskoon dat mens die vissies op die bodem kon sien.

Op Karibameer het ons ‘n besonderse ondervinding gehad. Ons het op ‘n boot gevaar tot by ‘n eiland waar hulle vuurgemaak het en ons geëet het. In die diep waters waar daar nie krokodille of seekoeie was nie, het ons gestop en geswem. Ons het van die bo-dek af ingeduik. Die mikagehalte in die water was so hoog dat mens nie diep kon duik nie, mens het soos ‘n kurkprop na bo geskiet. Ons kon heerlik dryf op die water sonder veel inspanning.

Ons moes teruggaan na Buluwayo om dan weer noord te ry na die Victoriavalle. Oor die valle sal ek ‘n boek vol kan skryf.

In Wanke was ‘n baie stout olifant. Hy het oral geloop en krane afbreek. Die veldwagters het skote afgevuur om hom te verjaag. Dit het nie veel gehelp nie. Die olifant was ook glad nie gelukkig met die kameraflitse nie. Ons het die dogters in die woonwa op die vloer laat slaap (nie genoeg beddens nie) en die seuns agter in die bakkie want ons wou nie die kans vat dat die olifant dalk ‘n gevaar kon wees as hulle in die tent slaap nie. Daar was ook ‘n groot “Keep off the lawn”-kennisgewing op ‘n kaal stuk grond!

Ons was in 1999 weer in Zimbabwe met ‘n heel ander stel belewenisse. Ek vertel later meer oor die ander toere.

*(Skrywer onbekend - Dankie Janetta Toerien vir hierdie bydrae)*

# JAARPROGRAM

| SAWA Wapadrand Jaarprogram 2026 | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kampnaweke | | | | | | Kampplekke | Rigting | Kommentaar |
| Januarie | 2-4 | 9-11 | 16-18 | 23-25 | 30/1 - 1/2 | | | |
| Februarie | 30/1-1/2 | 6-8 | **13-15** | 20-22 | 27/2-1/3 | Haywards Lodge | Noord | |
| Maart | 27/2-1/3 | 6-8 | 13-15 | 20-22 | 27-29 | Reilynn | Oos | |
| April | 2-6 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | 30/4-3/5 | Paasnaweek<br>Jakaranda Koördineerders | Suid | |
| Mei | 30/4-3/5 | 8-10 | **15-17** | 22-24 | 29-31 | Ruah Park | Oos | |
| Junie | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | | | |
| Julie | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | 31/7-2/8 | Weesgerus, Gebiedskamp | Noord-wes | |
| Augustus | 31/7-2/8 | 7-10 | 14-16 | **21-23** | 28-30 | Rotsinbos - AJV | Noord | |
| September | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 23-27 | | Umfula, Nasionaal & 100+ | Suid | |
| Oktober | 2-4 | 9-11 | **16-18** | 23-25 | 30/10-1/11 | Reilynn | Oos | |
| November | 30/10-1/11 | 6-8 | **13-15** | 20-22 | 27-29 | San Cha Len | Noord | |
| Desember | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 25-27 | | | | |

- (Foto geleen:  Maroela Media)

